



God Sorg vir Ons

God het ons baie lief. Hy het sy groot Liefde vir ons gewys te Hy sy geliefde Seun, Jesus, vir ons gegee het om vir ons, in ons plek, te kom *sterf*. As Hy ons dan so liefhet, sal Hy mos *altyd* vir ons sorg, sal Hy nie? Die Bybel sê dat Hy dit sal doen! Die Bybel vertel ons dat Hy altyd vir ons sorg, en ook sal sorg, *wat ook al gebeur*. Dag en nag, elke dag en dwarsdeur elke donker nag, sal Hy oor ons waak en vir ons sorg.

Onthou jy nog vir Dawid, die skaapherder, wat 'n groot koning geword het? Dawid was baie lief vir die HERE. En Dawid het ook geweet dat God *hom óók* liefhet. Dawid het baie Psalms of liedere geskryf. Sommige van hulle is in ons Bybel. Een van sy liedere wat hy geskryf het, was die Herderspsalm.

Toe Dawid nog 'n jong herderseun was, het hy *baie goed* vir sy skape gesorg. Hy het vir hulle grassies gaan soek om te eet, en hulle gelei na heerlike skoon en vars water, sodat hulle kon drink. As die son baie warm was, het hy vir hulle skaduwee gesoek, waar hulle kon lê en rus. En hy het ook altyd oor hulle *die wag gehou*. Hy het sekermaak dat die klein lammetjies nie by die gevaarlike rotse afval nie, of op ander maniere sou seerkry nie. Hy het sekermaak dat daar nie 'n *leeu* of 'n *beer* is wat een van sy lammetjies sou vang nie. Laatmiddae, voordat dit donker geword het, het hy al die skape bymekaar maak en hulle almal in die skaapskooi gebring, die plek waar hulle deur die nag veilig en warm sou wees. Dan gaan lê hy self in die deuropening, sodat niks en niemand daar kon inkom om sy skape

te steel of te vang nie. Dawid was 'n baie goeie herder. Hy was selfs bereid om sy *lewe* te gee om sy skape te beskerm.

Toe Dawid gedink het oor hoe hy vir sy skape sou sorg, het hy aan die God die HERE gedink, hoe Hy vir Sy skape sorg. En so het hy hierdie Psalm geskryf, oor die HERE wat vir sy skape sorg. Dawid het geweet dat *hy* een van God se skape was. En hy het geweet dat die HERE 'n *goeie* Herder is.

Eendag het Jesus gesê, “ *Ek* is die goeie Herder.”

Ja, die Here Jesus is 'n *baie* goeie Herder, 'n baie spesiale herder. Hy hou altyd oor ons die wag, en self slaap Hy nooit nie!

En wie is Jesus se skape? *Weet* jy dit?

Dis reg, al God se kinders is die Here Jesus se skape. Jesus sorg vir hulle, net soos Dawid vir sy skape gesorg het. Seuns en dogters is Jesus se *lammers*. Hy is so *lief* vir hulle. Hy pas hulle so goed op, net soos Dawid die lammers in sy kudde skape opgepas het. God het ons baie lief, en daarom sorg Hy vir ons.

As ons onthou dat Hy lief is vir ons, dan kan ons mos maar gelukkig wees, al is ons siek. Ons kan bly wees in tye van moeite en swarigheid. Ons kan bly wees as dit vir ons tyd is om te sterwe en hemel toe te gaan. Daar sal ons eendag ons Goeie Herder regtig *sien*!

Kom ons lees nou saam Dawid se lied oor sy Herder.

Wat ons kan lees:

Psalm 23

Gesels hieroor:

1. Wat beteken 'niks sal my ontbreek nie'?
2. Wat beteken die laaste reël van die Psalm?

Eendag behoort ons die hele Psalm te leer.

Kom ons onthou vandag net die eerste reël:

“Die HERE is my Herder; niks sal my ontbreek nie.”

(Psalm 23:1)

Hier is 'n paar liedere wat ons kan leer en vir Jesus ons Herder kan sing:

Van watter een hou jy die meeste?

- A. Die HERE is my Herder, daar is niks wat my ontbreek.
Hy lei my heen langs groene veld en frisse waterbeek.

Hy voed en maak my siel weer sterk, Hy lei my oraloor
En as ek struikel help Hy my weer in die regte spoor.

Al gaan ek ook deur doodsvallei, ek sal geen onheil vrees
U stok en staf sal my vertroos, ek sal steeds veilig wees.

U dek my tafel ryk en vol, waar haters my beloer.
U salf my hoof met olie, ja, my beker dié loop oor.

Net guns en goedheid sal my volg solank ek lewe hier.
En in Sy Huis daar sal ek bly om ewig Hom te eer.

Of:

- B. Die Heer is my Herder, niks sal my ontbreek
Altyd is Hy by my, versorg my en lei my
na vars groene weiding en skoon waterbeek.

Die Heer is my Herder, by dag en by nag,
In tye van siekwees, of hartseer en bang wees,
By Hom is ek veilig, en kry nuwe krag.

Net goedheid en seen gee my Herder en Heer
As Hemelse Koning maak Hy vir ons woning
Om ewig te leef, Hom te loof en te eer.

En hier is 'n slaapydgebiedjie, wat ons tot ons Goeie Herder kan bid of sing:

- | | | |
|----|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| C. | U, o Here is ons Herder,
U beskerm ons elke dag.
Wees nou by ons in die donker
Hou oor ons getrou die wag. | Wil die kwade van ons weghou
En die sonde ons vergeef,
Was ons deur die bloed van Jesus,
Wat as Koning ewig leef, Amen. |
|----|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*